# BOUMEESTER AANGEWYS VIR VOORTREKKERMONUMENT

## ONTWERP EN PLEK NOG ONBEKEND

**(Van Ons Eie Verteenwoordiger)**

KAAPSTAD, Dinsdag, 7 April.—Die Volksmonumentekomitee het vanmiddag op 'n vergadering alhier besluit om mnr. Gerard Moerdyk van Pretoria te benoem tot boumeester vir die monument.

Die ontwerp vir die gedenkteken is egter nog nie gekies nie. Die ontwerpe is nou uitgedun feitlik tot 'n keuse van twee. Finaliteit kan daar egter nog nie wees nie, aangesien die terrein nog nie gekies is nie en die ontwerp met die omgewing rekening moet hou.

### NET 'N HOEKSTEENLEGGING

Die monument sal by die eeufees oor twee jaar nie voltooi kan wees nie. Die plegtigheid by die monument ter geleentheid van die eeufees sal derhalwe die vorm aanneem van 'n hoeksteenlegging. 'n Onderkomitee is benoem wat nader op die keuse van die plek moet ingaan.